

GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

Kleuter- en Laerskool

Cunninghamlaan 1182
WAVERLEY, 0186
Telefoon: (012) 332-3222 x1
e-posadres: gsdp@gsdp.org.za
Posadres:
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
Webwerf: www.dirkpostma.co.za



Hoërskool

Dickensonlaan 1174
WAVERLEY, 0186
Telefoon: (012) 332-3222 x2
e-posadres: hsadmin@gsdp.org.za
Posadres:
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
Webwerf: www.dirkpostma.co.za

INFO: 8 MEI 2020

Geagte ouers, lede, vriende en personeel

Ons staan aan die einde van week 5 van aanlynklas. 'n Halwe kwartaal is verby en steeds kan ons mekaar nog nie sien of in die klasse ontmoet nie. Ons is baie dankbaar dat die skoolwerk en "dinge" by die skool nie stilstaan nie. Die meeste deure was vir 'n lang tyd gesluit, maar GSDP se deure beslis nie!

Alle leerlinge (gr RRR tot gr 12) het hul werk(ies) gekry, elkeen na aanleiding van hulle vaardighede - dalk was dit net 'n Bybelverhaal, drie rooi voorwerpe soek, die aanleer van die "u" vir urn, voorbereide lees, 'n ingewikkelde tekening of 'n Rekeningkunde-opdrag. Elkeen het gevorder, elkeen het iets geleer en elkeen het hard gewerk. Ons is ongelooflik dankbaar vir u hulp.

Tans gaan daar baie deur elkeen se gedages: Wanneer gaan GSDP heropen? Hoe, waar en wat gaan GSDP doen rondom die sterilisasie en skoonmaak van die skool se lokale en terrein? En laaste, maar nie die minste nie: Wat gaan GSDP besluit rondom die skoolvakansies?

GSDP kan u waarborg dat die bestuur en bedryfspan aan al hierdie aspekte aandag gee. Ons beplan, ons skryf dinge neer en dan ... dan verander die datum, of die datum wat ons ontvang is nie in rots gegiet nie. Wees verseker, sodra GSDP mag open, sal alles gereed wees dat leerlinge en personeel skool toe kan gaan.

Ons bedank die grondslagfase-ouers wat ons vandag help om skrifte, leesboeke, ensovoorts uit te deel. Dankie vir u tyd en ondersteuning. Dit is voorwaar lekker om te sien hoe ons gemeenskap saamwerk, saamstaan en hande vat. Ons hoop dat dit vir die gr 1- tot gr 3-leerlinge van hulp sal wees, sodat hulle in die boeke kan werk. Dit sal ook vir elkeen se beursie voordelig wees, want nou spaar ons papier en ink.

Vir elke personeel- en bestuurslid wat agter die skerms werk: Baie, baie dankie. Dankie vir u toewyding, inisiatief, kreatiwiteit en harde werk. Danksy elkeen kan ons voortbou - al is die skool "gesluit".

Ek wens u elkeen 'n geseënde naweek toe. Bly veilig, bly sterk, bly vol moed, maar veral bly vol vertroue dat God vir ons sorg.

Dirkie-groete

Mnr HJJ Visser

GSDP: KLEUTER- EN LAERSKOOLHOOF

GSDP: BEDRYFSPAN: VOORSITTER

HOËRSKOOL

ALGEMEEN

Hoe vinnig verander dinge nie? Dinge wat maande terug nie aan gedink is nie, is nou vanselfsprekend - handreinigers, maskers en lang rye by supermarkte. Dit laat 'n mens wonder of jy regtig die sjokolade nodig het. Dit is die "nuwe normaal". Nou is GSDP ook in 'n "nuwe normaal". Kom ons geniet die reis.

LIEF EN LEED

Ons wens mev Madelein Agema en haar man, Rolf, geluk met die geboorte van Aldo Roelof wat op Dinsdag, 5 Mei gebore is. Baie geluk en mag hy vir julle tot seën in jul lewens wees.

AKADEMIE

Dit is met groot dankbaarheid (en ook 'n groot voorreg) dat die hoërskool akademies nog goed op dreef is. Aan almal wat dit moontlik maak: Baie dankie! In die meeste gevalle is ons nog op datum met die kurrikulum, voordat enige aanpassings gemaak is vanaf die departement.

Ons hou die terugvoer vanaf die leerlinge en ouers dop en dit wil voorkom asof die leerlinge meestal entoesiasies aan die gang is. Ek bedank die leerlinge vir hul harde werk en deursettingsvermoë.

Ek bedank die ouers vir hul toegewyding in die opvoeding van hul kinders. Sterkte aan 'n ieder en elk met alle ekstra spanning wat in hierdie tyd na u kant toe kom.

Die hoërskoolleerlinge se ouers het hierdie week 'n skrywe ontvang rakende die hoërskool se plan om veilig met fisiese klasgee te begin. Die plan is, met die wetlike inligting tot ons beskikking, opgestel met die oog om die akademiese jaar te voltooi, veral wat betref die gr 12-leerlinge. Die plan is buigbaar om almal sover moontlik te akkommodeer. Ons versoek u geduld rondom die ontplooiing van die plan, aangesien van die faktore byvoorbeeld datums, tans buite ons beheer is. Ons wil nie roekeloos optree nie, maar probeer die leerlinge se beste belange op die hart dra. U sal merk dat die eise op die onderwysers hoog is, aangesien hulle fisies en aanlyn moet klasgee. Dink asseblief in u gebede aan die onderwysers.

SPORT EN KULTUUR

Is afgestel tot verdere kennisgewing.

PERSONEEL

Ons verwelkom mev Renette van Dyk wat aflos, terwyl mev Madelein Agema met kraamverlof is.

Vakature: Visuele Kuns: Sien die advertensie in hierdie Info.

BEMOEDIGING

Een mens lijdt dikwijls het meest
voor het lijden, dat hij vreest,
doch dat nooit op zal dagen.
Zo heeft men meer te dragen,
dan God te dragen geeft.

Het leed dat is, druk niet zo zwaar,
als vrees voor allerlei gevaar.
Maar komt het eens in huis,
dan helpt de Heere altijd weer,
en geeft Hij kracht naar kruis.

Nic Beets



Mei 2020

VAKATURE: VISUELE KUNS

Gr 10 tot Gr 12: Visuele Kuns Deeltydse Pos (MET DIE NODIGE KWALIFIKASIES)

Aanstellingsdatum: 1 Julie 2020

Indien u deel wil wees van 'n gelowige, gemotiveerde en entoesiastiese span van 40 personeellede en indien u glo in onderwys vanuit God se Woord, wat hand-aan-hand loop met hoë akademiese standaarde, verneem ons graag van u.

Vereistes: Die kandidaat MOET:

- lidmaat wees van 'n kerk in die GKSA- of VGKSA-kerkverband.
- gereformeerd wees in leer en lewe.
- oor 'n BEd-kwalifikasie beskik.
- oor grondige kennis beskik van die vakgebied.
- vlot Afrikaans magtig wees.
- 'n onvoorwaardelike registrasie by SARO, as professionele onderwyskundige, besit.

Aansoek: SLEGS indien u aan bogenoemde vereistes voldoen, voorsien ons van die volgende:

- 'n Volledige Curriculum Vitae in Afrikaans;
- Afskrifte van kwalifikasies en professionele registrasies;
- Getuigskrif vanaf u huidige predikant;
- 'n Motiveringsbrief wat beskryf waarom u uself as geskik ag vir die pos; en
- Ten minste twee verwysings van vorige werkgewers.

Handig bogenoemde in teen DV Donderdag, 21 Mei 2020 aan een van die volgende:

- Per e-pos: jaco.pretorius@gscp.org.za
- Per harde kopié: Hoërskoolkantoor: Dickensonlaan 1184, Waverley, Pretoria

Indien u, nadat u aansoek ingedien is, niks van ons verneem nie, moet u asseblief aanneem dat u aansoek onsuksesvol was.

Die Gereformeerde Skool Dirk Postma is 'n onafhanklike, gereformeerde skool in Waverley, Pretoria, met ± 400 leerlinge in die kleuter-, laer- en hoërskool.

Mnr JG Pretorius
GSDP: Hoërskoolhoof

NB: GSDP behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.